SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS
086 133 3786
akademie@akademie.co.za
www.akademie.co.za
Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria, 0083

# MEDIAVERKLARING

# AANKONDIGING: AKADEMIERAAD 2023 - 2026

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se Raad vir die termyn 2023 tot 2026 is by sy algemene jaarvergadering op Donderdag, 28 September aangekondig:

**Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe**

Prof. A.E. (Ilse) Feinauer (Voorsitter)
Dr. H.J. (Jaco) Deacon
Prof. A. (André) Duvenhage
Dr. L. (Lindie) Koorts
Dr. D.C. (Donovan) Lawrence
Dr. C.I. (Conrad) Steenkamp
Mnr. Rudolph Botha Ex officio, Voorsitter van die Oudit- en Risikobestuurkomitee
Prof. R.C (Ina) Wolfaardt-Gräbe. Ex officio, Hoofredakteur van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (TGW)

**Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie**

Prof. E.P.J. (Ewert) Kleynhans
Prof. M. (Marena) Manley
Prof. R. (Rialet) Pieters
Prof. L. (Laurette) Pretorius
Prof. R.W. (Rudi) Pretorius
Prof. L. (Leopoldt) van Huyssteen (Ondervoorsitter)
Prof. C.J. de W. (Hannes) Rautenbach. Hoofredakteur van die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* (SATNT)

**Voorsitter: Prof. Ilse Feinauer**



Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns kondig met groot genoeë aan dat prof. Ilse Feinauer van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch aangewys is as die nuwe voorsitter van die Akademieraad. Sy het gedien as ondervoorsitter in die vorige termyn. Prof. Feinauer is ook die leerstoelhouer van die Ton en Anet Vosloo-leerstoel vir Afrikaanse Taalpraktyk sedert 2020. Sy doseer Afrikaanse taalkunde sowel as Vertaalwetenskap. In 2022 word die Kanselierstoekenning vir Navorsing in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan haar toegeken. Haar mees onlangse boekpublikasie saam met mederedakteur Rufus Gouws, is *Fritz Ponelis en die Afrikaanse Taalwetenskap* wat pas by Sun Press verskyn het. Later vanjaar verskyn *Translation Flows – Exploring networks of people, processes*, *products* by John Benjamins met mederedakteurs Amanda Marais en Marius Swart.

Universiteite waar sy opgetree het sluit in KU Leuven en die Universiteit Gent in België, die Humboldt Universiteit in Berlyn, die Universiteit Bologna en die Universiteit Triëst in Italië, sowel as die Universiteit Melbourne in Australië. Sy is ’n stigterslid van die Association for Translation Studies in Africa (ATSA) en sy is ook die eerste raadslid van die European Society for Translation Studies (EST).

**Ondervoorsitter: Prof. Leopoldt van Huyssteen**

Leopoldt van Huyssteen begin sy loopbaan as ’n grondkundige navorser in die wynbedryf. Hy het relatief vroeg in sy loopbaan oorgeskuif na bestuur.



Sedert 1993 was hy Direkteur van die LNR-Instituut vir Wingerd- en Wynkunde, waar hy ’n deurslaggewende rol gespeel het in die kommersialisering van navorsing toe die instituut uit die staatsdiens na die Landbounavorsingsraad beweeg het. In 1999 tree hy in diens van die Universiteit Stellenbosch (US) as Hoof van die Departement Grondkunde. Later in dieselfde jaar word hy as Dekaan van die Fakulteit Agriwetenskappe aangestel.

In 2008 word hy die Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies aan die US. In 2013 word hy die eerste Uitvoerende Bedryfshoof van die US en beklee hierdie posisie tot sy aftrede einde 2017. Na die afsterwe van die US se Rektor en Visekanselier in 2014 het prof. Van Huyssteen vir nege maande in hierdie hoedanigheid waargeneem. Hy dien oor jare op verskeie professionele verenigings, rade en komitees, byvoorbeeld raadslid en president van die Grondkundevereniging van SA, raadslid van die Landbounavorsingsraad en lid van die Kollegeraad van Elsenburg Landboukollege.

Hy was lid van die Universiteitsraad van die US en ook lid van die Uitvoerende Komitee van die US-Raad.  Prof. van Huyssteen is Voorsitter van ASNAPP South Africa, ‘n nieregerings-diensorganisasie wat in 1999 onder sy leiding gestig is. ASNAPP spesialiseer veral in die produksie van natuurlike plantprodukte, spesifiek geproduseer deur hulpbronarm produsente in agtergeblewe gemeenskappe in Afrika.

Sedert 2018 is hy die Uitvoerende Akademiese Hoof van die Academy for Environmental Leadership SA (Pty) Ltd, ’n privaat hoëronderwysinstelling wat in 2016 gestig is en waarvan hy ’n direkteur is.

Sy spesiale belangstellings sluit in tegnologie-oordrag, innovasie/entrepreneurskap, projekbestuur, maatskappystrategie, veranderingsbestuur en kampering.

**Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe:**

**Dr. Jaco Deacon**



Jaco Deacon is sedert 2021 die uitvoerende hoof van FEDSAS, die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole.

Voordat hy hom gevestig het as ’n internasionaal gerekende kenner op die gebied van onderwysreg, het hy as prokureur gepraktiseer. Later was hy ’n dosent in arbeidsreg by sy alma mater, die Universiteit van die Vrystaat, waar hy ook ’n doktorsgraad in arbeidsreg verwerf het. Hy is steeds betrokke by nagraadse studente by verskeie universiteite en het reeds talle navorsingsartikels gepubliseer.

Jaco se pad het met dié van FEDSAS gekruis toe hy as kandidaatprokureur by onderwysreg betrokke geraak het. FEDSAS was toe een van sy kliënte. Hy was aanvanklik vanaf 2008 deeltyds en sedert 2010 voltyds by FEDSAS betrokke. Nadat hy deur die Minister van Arbeid op ’n taakspan aangestel is om arbeidswette te hersien, is hy ook deur die Minister van Basiese Onderwys aangestel op die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders.

Jaco is as skrywer, samesteller en redakteur betrokke by verskeie publikasies, sommige akademies en ander daarop gemik om onderwysbestuur vir skole en beheerliggame prakties te maak. Hy is ook as lid en voorsitter betrokke by talle ander verenigings in die onderwyssektor en tree gereeld nasionaal en internasionaal as spreker op. Jaco se stem word gereeld in die media gehoor en vir kommentaar op onderwysaangeleenthede genader.

**Prof. André Duvenhage**



André Duvenhage is op 18 April 1962 op Sasolburg in die Noord-Vrystaat gebore.  Hy matrikuleer in 1979 aan die Hoërskool Sasolburg.  As ingeskrewe student aan die PU vir CHO behaal hy die BA-graad asook die BA honneurs in Politieke Wetenskap (beide met onderskeiding). Tydens Januarie 1984 word hy aangestel as Junior Lektor aan die PU vir CHO met doseeropdrag in Ontwikkelings-administrasie, Openbare Bestuur en later ook Staatsleer. In 1989 verwerf André ’n magisterkwalifikasie in Ontwikkelings-administrasie. Hy verlaat die PU vir CHO aan die begin van 1991 en word aangestel as lektor in Politieke Wetenskap aan die UOVS waar hy in 1994 sy PhD voltooi met die titel ‘Politieke transformasie in oorgangsamelewings’ en word tot senior lektor bevorder.

Tydens 1999 inisieer André ’n nuwe akademiese program in Regeerkunde en Transformasie wat op nasionale vlak erkenning verwerf en word gedurende 2000 bevorder tot medeprofessor in Politieke Wetenskap. In dieselfde tyd word hy aangestel as direkteur van hierdie program. Binne ses jaar het dié nuwe program bykans ’n honderd magisterstudente alleen afgelewer.

Hy keer teen die begin van Oktober 2006 terug na sy alma mater om die pos van Navorsingsdirekteur: Sosiale Transformasie aan Noordwes-Universiteit te aanvaar en word bevorder tot professor. Sy professorale intreerede was getiteld ‘Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: ’n Strategiese ontleding en scenario-analise’. Tans word daar ook gewerk aan ’n scenario-projek oor die toekoms van die Afrikaner op pad na 2020. Sy akademiese spesialisarea sluit in Politieke Teorie, Politieke Transformasie, Regeerkunde en scenario-ontledings.

**Dr. Lindie Koorts**



Dr. Lindie Koorts is ’n historikus en biograaf verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat se Internasionale Studies Groep. Sy het aan die Universiteite van Johannesburg, Stellenbosch en Groningen studeer en was voorheen verbonde aan die Universiteit van Pretoria.  Sy is sedert 2015 lid van die SA Akademie se Geskiedeniskommissie en het vir die termyn 2020-2023 op die Akademieraad gedien. Benewens haar betrokkenheid by die SA Akademie dien sy ook op die bestuur van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika, en is lid van die Suider-Afrikaanse Historiese Vereniging. Sy dien ook op ’n aantal advieskomitees en redaksionele rade wat verband hou met haar vakgebied.

Sy het reeds op die ouderdom van 35 ’n C1-gradering van die Nasionale Navorsingstigting ontvang en is kort daarna genooi om ’n lid te word van die uitgesoekte South African Young

Academy of Science (SAYAS). Haar navorsing het internasionale befondsing verwerf, onder meer deur die British Academy se Newton Advanced Fellowship en die Europese Unie se Erasmus Mundus-program.

Haar 2014 biografie van D.F. Malan, getiteld *D.F. Malan en die opkoms van Afrikaner-nasionalisme* en *D.F. Malan and the Rise of Afrikaner-nationalism* is wyd aangeprys, en was op die kortlyste van sowel die *Sunday Times* Alan Paton Award for Non-Fiction en die KykNET-Rapport Prys vir Niefiksie. As deel van haar verbintenis tot Afrikaans en meertaligheid, het sy self die boek vertaal en daarvoor die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI) se Prys vir Voortreflike Vertaling van Niefiksie ontvang. Die boek se internasionale reikwydte is verder verbreed deur ’n Nederlandse vertaling wat in 2020 verskyn het.

Benewens haar deelname aan plaaslike en internasionale kongresse en navorsingsartikels in geakkrediteerde vaktydskrifte, het sy ook ’n aantal bydraes gelewer tot internasionale boekpublikasies, vernaam oor die aard van Afrikaner- en Suid-Afrikaanse biografie, en die verwantskap tussen biografie en openbare debatte.

Wetenskapskommunikasie is vir haar ’n prioriteit, en sy het haar gevestig as resensent en ontleder wat aktief deelneem aan die openbare diskoers deur middel van ’n gereelde rubriek vir *Beeld*, as kommentator op nuus-, aktualiteits- en dokumentêre programme, en deur radiogespreksreekse, waardeur sy geskiedenis toeganklik maak vir ’n breër gehoor.

**Dr. Donovan Lawrence**



Donovan Lawrence is tans Senior Lektor en Voorsitter van die Departement Afrikaans en Neerlandistiek, Universiteit van Wes-Kaapland. Hy onderrig verskeie voorgraadse en nagraadse modules in Afrikaanse Taalkunde.

Hy ontvang in 2021 die ATKV-SA Akademieprys vir beste artikel vir “Ons skryf soos ons praat”: Informalisering van geskrewe Afrikaans onder Afrikaanse tieners. (https://www.litnet.co.za/ons-skryf-soos-ons-praat-informalisering-van-geskrewe-afrikaans-onder-afrikaanse-tieners/ ). Hy het ook al meer as 30 taalrubrieke geskryf vir Netwerk 24.

Dr. Lawrence lewer gereeld referate by nasionale en internasionale kongresse en plaaslike simposia. Hy was ook reeds studieleier van 14 honneurs kandidate, vier magister- en een doktorale student. Hy is nasionale eksterne moderator vir Afrikaans EAT- en TAT-matriekvraestelle by UMALUSI en lid van die nasionale en provinsiale komitees van PanSAT.



Die oogmerke van die Akademie as multidissiplinêre organisasie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans.

**Dr. Conrad Steenkamp**

Conrad Steenkamp is die uitvoerende hoof van die Afrikaanse Taalraad (ATR) en lid van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) se Taalkomitee van die Wes-Kaap. Die ATR is ’n artikel 181-organisasie wat geregistreer is by die Kommissie vir die Regte van Kultuur-, Geloofs- en Taalgemeenskappe (KGT-kommissie). Die ATR het meer as 35 lidorganisasies en verteenwoordig die Afrikaanse taalgemeenskap in sy volle diversiteit.



Hy is sedert 2016 die Hoof van die Afrikaanse Taalraad. Voor hy hierdie pos opgeneem het was hy ’n konsultant in die omgewing- en sosiale ontwikkelingsektor vir  ongeveer twintig jaar. Hy het werkservaring opgedoen in Amerika, Europa, Sentraal-Asië en verskeie Afrikalande. Hy was ’n postdoktorale genoot by Carnegie Mellon Universiteit se Centre for the Study of Human Dimensions of Global Change, VSA van 2000-2003 en was ook taalonderwyser by Alpha Centre Internasional, München van 1987 tot 1990. Hy behaal die volgende kwalifikasies: PhD in sosiale antropologie, Wits Universiteit; MSc in die omgewingswetenskappe, Universiteit Bielefeld, Duitsland en ’n MBA in verskaffingsbestuur, European Institute of Purchasing Management, Genève, Switserland.

**Prof. Ina Wolfaardt-Gräbe. Hoofredakteur *Tydskrif vir Geesteswetenskappe***



Ina Wolfaardt-Gräbe is emeritus professor in Algemene Literatuurwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa). Sy behaal aan die Rijksuniversiteit van Utrecht in Nederland ’n doktoraal in Teoretiese en Vergelykende Literatuurwetenskap en aan die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (sedertdien herdoop tot die Noordwes-Universiteit) ’n PhD in Algemene Literatuurwetenskap onder leiding van prof. TT Cloete. Sy was dosent in Algemene Literatuurwetenskap aan die universiteite van Port Elizabeth, Potchefstroom en Unisa en het postdoktorale navorsing gedoen aan die Cornell Universiteit in Ithaca (VSA) en die Porter Institute for Poetics and Theory of Literature, aan die Tel Aviv Universiteit in Israel. Sy was gasdosent aan Texas Universiteit, een van die hoofsprekers by ’n internasionale simposium in Denemarke en is in 2008 uitgenooi om die leerstoel in Vergelykende Literatuurstudie aan die Wardha-universiteit in Indië in te stel.

Sy het gedurende haar loopbaan verskeie kongresse plaaslik en in die buiteland bygewoon, in die besture van vakverenigings en op redaksierade gedien en onder meer in 2000 die 16de driejaarlikse kongres van die International Comparative Literature Association (ICLA) by Unisa aangebied.

Sy was redakteur van die *Journal of Literary Studies* / *Tydskrif vir Literatuurwetenskap* en is tans die hoofredakteur van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (TGW) van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. ’n Toonaangewende plaaslike vaktydskrif – een van slegs enkele vaktydskrifte wat uitsluitlik in Afrikaans publiseer – word die TGW ook internasionaal opgeneem in indekse van onder meer Thompson Reuters (VSA), Elsevier (Nederland) en SciELO (Brasilië). Vir haar werk in Afrikaans ontvang sy in 2018 ’n kokertoekenning van die Afrikaanse Taalraad en in 2021 die Jan H Maraisprys.

**Fakulteit Natuurwetenskap en Tegnologie:**

**Prof. Ewert Kleynhans**



Ewert Kleynhans is professor in Ekonomie aan die Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, en sy navorsing fokus op die mededingendheid van firmas en nywerhede. Hy is as ’n gevestigde navorser deur die Nasionale Navorsingstigting (NRF) gegradeer. Hy verwerf ’n onderwysdiploma aan die Normaalkollege Pretoria (1980), waarna hy 16 jaar lank skoolhou. Hy behaal die Verdere Diploma in Wiskunde en Natuurwetenskappe aan die Onderwyskollege vir Verdere Onderwys met lof (1989), en ’n BA-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) in 1991.

Einde 1993 verwerf hy ’n honneursgraad in Ekonomie en in 1994 ‘n meestersgraad aan die Randse Afrikaanse Universiteit – beide *cum laude*. In 1996 word hy lektor by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. In 2003 verwerf hy sy doktorsgraad (PhD) in Ekonomie aan die Potchefstroomse Universiteit en word bevorder tot senior lektor, medeprofessor by die Noordwes-Universiteit (NWU) gedurende 2007, en senior vol-professor in 2017. In 2012 behaal hy ook ’n meestersgraad in Filosofie (MPhil) aan die NWU. Hy het reeds meer as 75 artikels in geakkrediteerde vakjoernale gepubliseer en by talle plaaslike en internasionale konferensies opgetree. Hy dien vyf jaar op die Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en is tans voorsitter van die Potchefstroomse Werksgemeenskap.

**Prof. Marena Manley**

Prof. Marena Manley het in 1984 haar BSc in Voedselwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. Na twee jaar by die Kleingraansentrum, Bethlehem, registreer sy vir haar honneursgraad aan die Universiteit van Pretoria (UP) wat sy in 1987 verwerf. Sy sluit daarna by die Koringraad in Pretoria aan, waartydens sy haar meestersgraad, ook aan die UP, verwerf. In 1995 voltooi Marena haar PhD in naby-infrarooi (NIR) spektroskopie aan die Universiteit van Plymouth in die Verenigde Koninkryk (VK).



Na 18 maande by 'n NIR-spektroskopie-instrumentvervaardigingsmaatskappy in York (VK), sluit sy in 1997 by die Universiteit Stellenbosch aan as dosent. Sy is in 1999 tot senior lektor bevorder. Marena het in die laat 1990's NIR-spektroskopienavorsing, soos toegepas op voedsel- en landbouprodukte, aan die US geïnisieer en geïmplementeer. Dit is gevolg deur die bekendstelling van NIR-hiperspektralebeeldingnavorsing in die middel van die 2000's. Haar navorsingsgroep was een van die eerstes wat sulke werk in Suid-Afrika en Afrika gedoen het, en om graan-NIR-hiperspektralebeeldingondersoeke internasionaal te publiseer.

In 2010 word sy bevorder van senior lektor tot vol professor en sedert 2011 is sy 'n Nasionale Navorsingstigting (NNS)-geëvalueerde navorser. Tot nou toe het Marena as studieleier opgetree vir meer as 70 nagraadse studente en het 120 eweknie-geëvalueerde artikels gepubliseer. Benewens NIR-spektroskopie en hiperspektralebeeldingnavorsing, ondersoek Marena en haar nagraadse studente ook X-straal-mikrorekenaartomografie en kernmagnetiese resonansie as ontledingstegnieke. In haar huidige navorsing word dié tegnieke onder meer gebruik om die kwaliteit van grane, gebakte- en ander voedselprodukte soos sjokolade te bestudeer en te karakteriseer. Marena het die Graanwetenskap- en -tegnologie Suider-Afrikaprys vir volgehoue uitnemendheid in Graanwetenskapnavorsing en -ontwikkeling in 2010 ontvang. In 2014 ontvang sy die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Erepenning van die Fakulteit Natuurwetenskappe en Tegnologie. Tydens die Desember 2022-gradeplegtigheid is 'n Kanselierstoekenning aan Marena toegeken as erkenning vir haar navorsingsuitnemendheid aan die Universiteit Stellenbosch.

**Prof. Rialet Pieters**



Prof. Pieters is in 1996 by die destydse PU vir CHO in die Dierkundedepartement aangestel met ’n meestergraad in Dierkunde nadat sy vir drie jaar skool gehou het. In 2007 behaal sy ’n PhD in die dissipline Ekotoksikologie wat die bestudering van die effek van besoedelstowwe op biota behels. Sy is intussen bevorder tot vol professor in Dierkunde en werk as sodanig sedert 2021 by die Noordwes-Universteit in Potchefstroom. Sy het 37 publikasies in ewekniegeëvalueerde wetenskapjoernale, een hoofstuk in ’n boek, 12 navorsingsverslae en verskeie bydraes tot nasionale en internasionale kongresse.

Haar vernaamste navorsingsonderwerp is dié van hormoonontwrigters en die bepaling daarvan met behulp van genetiese gemanipuleerde weefselkulture. Dit sluit in die gebruik van soogdierselle wat in Petribakkies groei en lig vrystel wanneer hulle blootgestel word aan verbindings wat soos hormone lyk. Op hierdie manier word die teenwoordigheid van besoedelstowwe bepaal wat as gevolg van chroniese blootstelling verskeie gesondheids-probleme soos vetsug en kanker tot gevolg kan hê.

Sy is ’n C2-Nasionale Navorsingstigting gegradeerde wetenskaplike. Sy is tans betrokke by ’n nasionale projek waarvan een van die oogmerke die daarstelling en vestiging van biologiese siftingstoetse is om waterkwaliteitmonitering in Suid-Afrika te verbeter. Prof Pieters dien as mederedakteur van ’n internasionale wetenskapjoernaal en word gereeld genader om as evalueerder van manuskripte van wetenskaplike artikels vir verskeie joernale op te tree.

Sy bied Dierkunde aan op tweedejaarsvlak en is by honneursopleiding betrokke en het al drie keer erkenning gekry vir puik onderrig in die Uitnemende Onderrigprogramme van die NWU. Sy was vir drie jaar die vakvoorsitter van die vakgroep Dierkunde en vir vyf jaar die bestuurder vir die subprogram Akwatiese Ekostelselgesondheid in die Navorsingseenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur en sy dien op die bestuursraad van die Fakulteit vir Natuur- en Landbouwetenskappe.

Sy is ook sedert Augustus 2022 die aanbieder van die Omgewingspraatjiesinsetsel op RSG se Saterdagoggendeprogram, 'Brêkfis met Derrich'.

**Prof. Rudi Pretorius**



Rudi Pretorius het sy loopbaan in 1981 as navorsingsassistent by die Atmosfeerwetenskappe-afdeling van die WNNR begin, verrig Nasionale Diensplig as inligtingsoffisier vanaf 1882 tot 1984 en is verbonde aan die Departement Geografie van Unisa vanaf 1987, waar hy tans ’n medeprofessor is. Hy is ’n ervare oop-, afstand- en e-leerspesialis in Geografie en is die koördineerder van Unisa se voorgraadse program in omgewingsbestuur. Behalwe vir voorgraadse onderrig, is hy ook betrokke by studieleiding op nagraadse vlak. Hy beskik oor ’n MSc -en ’n MBL-graad, en sy PhD handel oor die herposisionering van Geografie in opvoeding vir volhoubaarheid in die Suid-Afrikaanse hoëronderrigkonteks.

Rudi is sedert 2001 ’n lid van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en was sedertdien betrokke by die bestuur en aktiwiteite van die Adeling Wis- en Natuurkunde en ook die organisasie van die jaarlikse Studentesimposium in die Natuurwetenskappe. Wat betref navorsing fokus Rudi oor die afgelope tien jaar op volhoubare ontwikkeling en spesifiek opvoeding vir volhoubaarheid in die konteks van hoër onderwys, en het ook ’n aantal joernaalartikels en boekhoofstukke hieroor gepubliseer. Hy is ’n internasionale medewerker in verskeie projekte oor volhoubaarheid – tans ’n navorsingsprojek oor die rol van universiteitsleiers om die kwessies van klimaatsverandering en volhoubaarheid. Ander huidige projekte behels die boek *Sustainable Development in Africa: Fostering Sustainability in one of the world´s most promising continents*, waarvan hy mederedakteur is en ook assosiaatredakteur van die *International Journal of Sustainabiity in Higher Education.* Hy is onlangs aangestel as die subredakteur van die joernaal *Discover Sustainability* van Springer.

**Prof. Laurette Pretorius**



Laurette Pretorius is sedert 2007 ’n lid van die SA Akademie en dien sedert 2020 op die Akademieraad. Sy het die Akademie se Afrikaanse Wikipediaprojek geïnisieer ten einde Afrikaans in die kuberruimte te bevorder deur Akademielede bewus te maak van die belangrike rol wat Wikipedia as ‘n kennis- en taalhulpbron in die kuberruim speel en hulle te betrek by die uitbou van die Afrikaanse Wikipedia. Sy het ook ’n sentrale rol gespeel in die rekenaarmatige ordening van die inhoud van die *Kunswoordeboek* wat in 2021 verskyn het en met die gesogte ATKV Woordwystoekenning bekroon is . Haar navorsing is besonder aktueel in die ‘‘nuwe normaal’’ waar die gebruik van taal toenemend digitaal is en kan bydra tot die Akademie se rol in die digitale taalontwikkeling in Afrikaans.

Sy is emeritus professor aan Unisa en buitengewone professor in rekenaarwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch. Tot haar aftrede in 2018 was sy hoof van Unisa se Strategiese Projek: “Die Unisa Akademie vir die Afrikatale en die Wetenskap”, wat die intellektualisering van die Afrikatale op die terreine van die wetenskap, tegnologie, akademie en onderwys deur middel van taaltegnologie ten doel gehad het.

Sy het nagraadse kwalifikasies in rekenaarwetenskap, suiwer wiskunde en toegepaste wiskunde aan die universiteite van Stellenbosch, Suid-Afrika, Pretoria en Potchefstroom verwerf. Sy het vervolgens in die tydperk 2019-2021 hoofvakke in Noord-Sotho en Zoeloe aan die Universiteit van Pretoria verwerf en is tans besig met ’n MA in Afrikatale aan UP. Haar navorsing is toegespits op die natuurliketaalverwerking (NTV) van die hulpbronskaars Suid-Afrikaanse tale, insluitende Afrikaans, Zoeloe, Noord-Sotho, Xhosa en Tswana. Haar navorsingbelangstellings sluit verder in die rol van natuurlike taal en veeltalige NTV in die veeltalige Semantiese Web, die grondslag van taal in die kuberruim. Sy het reeds meer as 100 artikels in wetenskaplike tydskrifte en portuurgekeurde konferensieverrigtinge gepubliseer en was by aftrede ’n NRF-gegradeerde navorser met ’n B-gradering. Sy is tans as medewerker en konsultant betrokke by etlike NTV-navorsingsprojekte van die WNNR.

Sy het uitgebreide navorsingsbesoeke gebring aan die Xerox Navorsingsentrum Europa, Frankryk; Tilburg Universiteit, Nederland; die Departement Rekenaarwetenskap, Universiteit van Göteborg, Swede; die Insight Centre for Data Analytics, Nasionale Universiteit van Ierland, Galway; en die Universiteit van Helsinki, Finland.

**Prof. Hannes Rautenbach. Hoofredakteur *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie***



Professor Hannes Rautenbach behaal in 1987 die BSc-graad in Weerkunde aan die Universiteit van Pretoria (UP). In 1988 sluit hy by die Suid-Afrikaanse Weerburo aan as Weerkundige, en in 1991 word hy bevorder na Senior Weerkundige. In 1991 word hy aangestel as Navorsingsassistent by die nuwe CORDATA Leerstoel in Weerkunde in die Departement Siviele Ingenieurswese van UP.

In 1995 word hy voltyds by UP aangestel as lektor, en word in 2000 en 2006 onderskeidelik bevorder tot senior lektor en medeprofessor. Gedurende hierdie periode dien hy ook as koördineerder van die Weerkunde-eenheid by UP, wat die enigste eenheid in suidelike Afrika is wat voorgraadse en nagraadse grade in Weerkunde aanbied. In 1999 ontvang prof. Rautenbach ŉ doktorsgraad in Weerkunde by UP.

Gedurende 2006 tot 2014 word hy aangestel as hoof van die nuwe Departement Geografie, Geo-informatika en Meteorologie aan UP, en lewer hy ook ŉ groot bydrae tot die suksesvolle ontwikkeling van die Departement. Gedurende 2010 tot 2014 dien hy ook as Direkteur van die UP Waterinstituut. Tussen 2005 en 2010 word prof. Rautenbach verkies tot President van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Atmosferiese Wetenskappe (SAVAW), en dien ook as Raadslid van die "National Association of Clean Air – NACA". Prof. Rautenbach het op verskeie rade gedien wat navorsing evalueer, en was ook leier van etlike navorsingsprojekte vir onder meer die Waternavorsingskommissie en die Nasionale Navorsingstigting. Hy het reeds meer as 55 navorsingsartikels in wetenskapjoernale gepubliseer, en het meer as 100 referate by nasionale en internasionale konferensies gelewer. Tussen 2016 en 2018 word hy aangestel as Hoofwetenskaplike by die Suid-Afrikaanse Weerdiens, en word in 2017 genooi om te dien as Buitengewone Professor in die Skool vir Gesondheidstelsels en Publieke Gesondheid van UP (Malaria-instituut) – ŉ posisie wat hy steeds beklee. Professor Rautenbach dien tussen 2019 en 2023 as Dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe by Akademia. Hy is sedert Maart 2023 hoofredakteur van die *SA Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*.

**Mnr. Rudolph Botha. Voorsitter Oudit- en Risikobestuurkomitee**



Rudolph Botha dien vir die afgelope 10 jaar as die voorsitter van die Akademie se Oudit- en Risikobestuurkomitee. Hy behaal die BA (Regte) aan die Universiteit van Pretoria, ‘n LLB aan die Universiteit Stellenbosch, B.Comp (Hons) aan UNISA en is G.R.(SA) geregistreer by die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad van Suid-Afrika.

Hy is die stigter van die ouditeurspraktyk PR Botha & Company Inc., waar hy tans in 'n adviserende hoedanigheid betrokke is. Hy dien vir ses jaar op die direksie van die Voortrekkermonument en Erfenisstigting waarvan drie jaar as voorsitter.

## Kontak

Prof. Anne-Marie Beukes
Hoof- Uitvoerende Beampte
Selfoon: 083 675 8053
E-pos: ambeukes@akademie.co.za